# Q&A

## *Shoftim*

# MIDRASH VRAE

www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

**DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:**

**Torah:** Deut. 16:18 - Deut. 21:9
**Haftarah:** Jes. 51:12 - 52:12
**B'rit Hadashah:** Joh. 1:19-27, Joh. 14:9-20, Han. 3:22-22

1. Wat is die dieper prentjie wat Abba Vader in Spr. 25:2 skilder as ons kyk na die woorde eer, verberg, saak, konings, naspeur en saak?
2. Hoe beskryf die Torah-gedeelte van die week 'n goeie regter?
3. Waarom dink jy verbind Deut. 17:1 die verbod op 'n gebrekkige offer met die aanstelling van regters?
4. Wie vervul vandag die rol van regters binne die kerk?
5. Wat was die straf vir persoonlike afgodery destyds, en hoe kan ons afgodery vandag verstaan en die gevolge daarvan beskryf?
6. Beskou Abba Vader astrologie as 'n vorm van afgodery?
7. Hoekom was 'n enkele getuie voldoende om 'n saak vas te stel?
8. Waarom moes beskuldigende getuies die teregstelling begin? En kan dit wees dat Yeshua in Joh. 8:7–8 na Deut. 17:7 verwys het toe Hy in die grond geskryf het by die vrou wat in egbreuk betrap is?
9. Wat was die straf vir 'n vals getuie? Wat is die Hebreeuse woord vir vals getuie en wat beteken dit?

10. Wat beteken die woord Sanhedrin en noem die twee verskillende groepe van Sanhedrin?

11. Volgens die Skrif, op watter tyd en wyse moes 'n hof byeenkom? En op watter tydstip het Yeshua se verhoor plaasgevind – en waarom dink jy dit so was?

12. Hoekom kan ons sê dat Yeshua se verhoor voor die Joodse Raad onwettig was?

13. Was die aanstelling van 'n koning oor Israel deel van God se wil?

14. Watter eienskappe moes 'n koning van Israel hê?

15. Watter spesiale plig het die koning met betrekking tot die Torah gehad, en hoe raak dit ons vandag?

16. Het die Leviete net in die Tabernakel/Tempel gedien, of ook elders?

17. Deut. 18 bevat 'n besondere belofte. Wat is dit, en waarom is dit uniek? Wie haal hierdie belofte in die Nuwe Testament aan?

18. Noem 'n paar maniere waarop Moses 'n tipologie, voorskuwing of beeld van Yeshua was.

19. Hoe kon 'n valse profeet volgens Deut. 18 herken word, en wat sou sy lot wees?

20. Wie het besluit of 'n moord onbedoeld of doelbewus was, om toegang tot 'n vrystad te kry?

21. Is dit ooit aanvaarbaar om vrees te hê in die stryd teen Abba Vader se vyande?

22. Waarom het die skrifgeleerdes vir Johannes die Doper gevra of hy Elia is (Joh. 1:21), en hoe sluit dit by die Torah aan?